

15 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 15

Fokusgedeelte: Johannes 15:11

Ware en volkome blydschap kom van binne

Wat maak my regtig bly in hierdie lewe? Hierop sal ons seker uiteenlopende antwoorde kry. Meestal sal ons die antwoorde soek vanuit die perspektief van ons aardse lewenservarings, byvoorbeeld dat ons iets moet ontvang, soos 'n groot geskenk, of dat iets goeds met ons of ons geliefdes moet gebeur. Ja, sekerlik sal sulke dinge buite ons ons bly maak.

Die Here wil dat ons in hierdie gedeelte leer dat volkome blydschap nie deur omstandighede buite ons kom nie, maar dat dit iets is wat van binne kom. Dinge buite ons, soos gebeurtenisse wat beproewings en slegte nuus vir ons bring, kan juis ons blydschap wegneem. Die gevolg is dat ons 'n strak, onvriendelike en selfs kwaai gesig na buite vertoon.

Jesus sê die woorde in die fokusgedeelte juis vir die dissipels toe hulle hartseer was omdat Hy sou weggaan. Hulle moet hul blydschap innerlik in hulle geloof vind, nie in uiterlike gebeurtenisse nie. Hy sal hulle 'n ander Trooster stuur, naamlik die Heilige Gees.

Wat die gedeelte vooraf gaan, is belangrik. In vers 9 en 10 staan twee dinge. Eerstens, soos die Vader Christus liefhet, so het Christus ons lief. Ons moet in sy liefde bly. Tweedens moet ons Christus se opdragte uitvoer, soos Christus die opdragte van sy Vader gehoorsaam het. As ons dit doen, sal ons in sy liefde bly en as vrug van ons gehoorsaamheid (fokusgedeelte), sal Christus se blydschap in ons wees en ons blydsskap sal volkome wees.

Ons kan en moet dus innerlike vrede en blydschap in Christus soek, al is ons omstandighede hoe hartseer. Ons leef ook elke dag met die Trooster, naamlik die Heilige Gees – vir die seer hart, in die seer hart. Glo dit!

Sing: Psalm 31:1,5,15 Ds LJ Buys (Rustenburg-Wes)